



**the dpsa**

Department:  
Public Service and Administration  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**DEPARTEMENT: STAATSDIENS EN ADMINISTRASIE**

## **SIEKTEVERLOF, ONGESKIKTHEIDSVLOF EN AFTREDE WEENS SWAK GESONDHEID, IN DIE STAATSDIENS**

### **WAAROM SIEKTEVERLOF?**

In die normale gang van jou lewe kan jy siek word of beseer raak waarna dit nodig is dat jy verlof neem om van jou siekte of besering te herstel. Let asseblief daarop dat beserings in hierdie verband nie verwys na beserings aan diens nie.

### **WAAROP IS JY GEREGTIG?**

36 werkdade gewone siekteverlof met volle betaling in 'n siekteverlofsiklus. 'n Siekteverlofsiklus is 'n tydperk van drie agtereenvolgende jare. Die huidige siekteverlofsiklus het op Januarie 2007 begin.

### **WAT IS JOU VERANTWOORDELIKHEDE BY DIE GEBRUIK VAN GEWONE SIEKTEVERLOF?**

- As jy vooraf weet dat jy vir 'n kliniese prosedure moet gaan, bv. 'n operasie, doen aansoek om siekteverlof deur jou aansoekvorm vroegetydig in te dien.
- As jy egter skielik siek word of 'n besering opdoen, verwittig jou toesighouer onmiddellik as jy weens jou siekte of besering nie in staat is om te werk nie. 'n Mondelinge boodskap deur 'n familielid, medewerknemer of vriend is aanvaarbaar slegs indien die aard en/of omvang van die siekte/besering jou verhoor om jou toesighouer/bestuuder persoonlik in te lig.

#### **BELANGRIK!**

**Jou aansoek om siekteverlof moet persoonlik of deur 'n familielid of medewerknemer ingedien word binne vyf werkdade na die eerste dag van afwesigheid.**

- Dien 'n mediese sertifikaat vir tydperke van drie dae en langer in EN in die geval waar jy siekteverlof meer as twee maal in 'n tydperk van 8 weke gebruik het, ongeag van die tydperk van afwesigheid. Let ook op die Aanvaarding van Mediese Sertifikaate hieronder.

- Gebruik en bestuur gewone siekteverlof op 'n verantwoordelike wyse en met omsigtigheid gedurende die siekteverlofsiklus.
- Moenie siekteverlof vir ander doeleindes as siekte of beserings gebruik nie, omdat jy dalk later in die siekteverlofsiklus in 'n moeilike posisie kan beland.

### **WAT IS DIE WERKGEWER SE VERANTWOORDELIKHEDE?**

- Om, na oorweging, siekteverlof toe te staan in ooreenstemming met jou aansoek.
- Om spesifieke neigings by die neem van gewone siekteverlof te monitor en te ondersoek vir moontlike misbruik, en om op te tree indien nodig. Die werkgewer kan in sekere gevalle 'n mediese sertifikaat versoek vir tydperke korter as drie dae indien 'n spesifieke neiging waargeneem word.
- Om werknemers oor die verstandige gebruik van siekteverlof in te lig.
- Om die werkomgewing of werkvereistes aan te pas of om ander werk vir jou te kry, in gevalle waar dit nodig is.

### **WAT IS ONGESKIKTHEIDSVLOF?**

Ongeskiktheidsverlof is 'n voordeel waarvoor jy kan aansoek doen in die geval waar jy jou gewone siekteverlof in die 3-jaar-siekteverlofsiklus uitgeput het. Ongeskiktheidsverlof word vir bestuursdoeleindes in twee kategorieë ingedeel:

- Kort ongeskiktheid – dit is wanneer die tydperk ongeskiktheidsverlof wat jy verlang, vir 29 dae of minder is.
- Lang ongeskiktheid – dit is wanneer jy aansoek doen om 30 dae of langer ongeskiktheidsverlof.

### **WAT BEHELS HIERDIE VOORDEEL?**

Jy kan hiervoor aansoek doen vir elke keer wat jy ongeskiktheidsverlof nodig het, onderworpe aan -

- die indiening van 'n mediese sertifikaat vir elke geleentheid; en
- die werkgewer se ondersoek van die aard en omvang van jou siekte of besering.

#### **BELANGRIK!**

**Jy mag nie meer die Z1-verlofaansoekvorm gebruik vir ongeskiktheidsverlof nie. Daar is spesifieke aansoekvorms wat voorgeskryf is vir kort en lang tydperke van ongeskiktheidsverlof onderskeidelik. Maak seker dat jou vorms korrek ingevul en alle stawende dokumente aangeheg word.**

### **WAT IS JOU VERANTWOORDELIKHEDE BY DIE GEBRUIK VAN KORT OF LANG ONGESKIKTHEIDSVLOF?**

- Doen aansoek op die vereiste aansoekvorm. Let daarop dat jy op die voorgeskrewe aansoekvorms vir kort en lang ongeskiktheid onderskeidelik moet aansoek doen. Die Z1-vorm mag nie meer gebruik word vir hierdie doel nie.
- As jy vooraf weet dat jy vir 'n kliniese prosedure moet gaan, bv. 'n operasie, dien jou verlofaansoekvorm vroegetydig in.
- As jy egter skielik 'n siekte of 'n besering opdoen, verwittig jou toesighouer dadelik as jy weens die siekte of besering nie in staat is om te werk nie. 'n Mondelinge boodskap deur 'n familielid, medewerknemer of vriend is aanvaarbaar slegs as die aard en/of omvang van die siekte/besering jou verhoor om jou toesighouer/bestuuder persoonlik in te lig.
- Jy moet altyd 'n mediese sertifikaat saam met jou aansoek indien. Jy kan ook beskikbare stawende mediese verslae en inligting sowel as 'n skriftelike motivering saam met jou ongeskiktheidsverlof indien. Let ook op die bepalings by Aanvaarding van Mediese Sertifikaate.
- Moenie ongeskiktheidsverlof misbruik nie.
- Kom die afspraak na vir verdere mediese ondersoek te versoek en gemaak is deur die Werkgewer se Gesondheidsrisikobestuuder.

### **WAT IS DIE WERKGEWER SE VERANTWOORDELIKHEDE?**

Die werkgewer sal aan jou voorwaardelik ongeskiktheidsverlof toestaan hangende die uitkomst van sy ondersoek na die aard en omvang van jou ongeskiktheidsverlof.

Die werkgewer moet jou aansoek bestuur en ondersoek instel daarna, met die bystand van 'n Gesondheidsrisikobestuuder, ooreenkomstig die Beleid en Prosedure oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR). Jy sal dalk vir verdere mediese ondersoek te gaan as deel van die ondersoek sodat die werkgewer 'n ingeligte

besluit kan neem oor voorgesette ongeskiktheidsverlof of bv. die moontlike aanpassing van jou werkomgewing of om ander werk vir jou te kry.

Die werkgewer sal jou verwittig van hul bevindings en gepaste stappe daarvolgens doen.

#### **BELANGRIK!**

**Jy moet jou siekteverlofaansoek persoonlik indien of deur 'n familielid of medewerker, binne 5 werkdag na die eerste dag van afwesigheid.**

### **WAT IS AFTREDE WEENS SWAK GESONDHEID?**

Wanneer jy weens mediese redes permanent nie in staat is om te werk nie, kan jy ontslaan word/aftree uit die Staatsdiens op mediese gronde.

#### **WAT BEHELS DIT?**

Jy of jou werkgewer kan 'n aftrede weens swak gesondheid inisieer indien daar vermoed word dat jy **permanent ongeskik** geword het om te werk. Dit kan byvoorbeeld na 'n ernstige motorongeluk wees.

Indien jy aansoek gedoen het om lang ongeskiktheidsverlof te neem en die ondersoek van die werkgewer toon dat jy permanent ongeskik sal wees om te werk, kan hulle jou ongeskiktheidsaansoek verander na 'n aansoek om aftrede weens swak gesondheid.

### **WAT IS JOU VERANTWOORDELIKHEDE?**

- Jy kan versoek word om aansoekvorms spesifiek bedoe
- 1 vir aftrede weens swak gesondheid, in te vul.
- Mediese sertifikate en enige ander beskikbare stawende mediese verslae en inligting moet saam met die aansoek ingedien word. Let ook op die bepalinge by die Aanvaarding van Mediese Sertifikate.
- Kom die afspraak na vir verdere mediese ondersoeke wat versoek en gemaak is deur die Werkgewer se Gesondheidsrisikobestuurder.

### **WAT IS DIE WERKGEWER SE VERANTWOORDELIKHEDE?**

Die werkgewer moet jou aansoek bestuur en dit nagaan met die hulp van 'n Gesondheidsrisikobestuurder, ooreenkomstig PILIR. Jy kan gevra word om verdere mediese ondersoeke te ondergaan as deel van die ondersoek sodat die werkgewer 'n ingeligte besluit kan neem oor jou moontlike aftrede weens

swak gesondheid, of, indien jy permanent nie in staat sal wees om te werk nie, om 'n ingeligte besluit te neem oor die moontlike aanpassing van jou werkomgewing of om ander werk vir jou te kry.

Die werkgewer sal jou van sy bevindings in kennis stel en daarvolgens gepaste stappe doen.

### **AANVAARDING VAN MEDIESE SERTIFIKATE!**

Vir doeleindes van **gewone siekteverlof** sal mediese sertifikate aanvaar word wat uitgereik en onderteken is deur 'n mediese praktisyn en persone wat gekwalifiseer is om te pasiënte te diagnoseer en te behandel en wat geregistreer is by die volgende beroepsrade wat by 'n wet van die Parlement ingestel is:

- die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika
- die Raad vir Verwante Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika
- die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad.

Vir die doeleindes van ongeskiktheidsverlof aanvaar die werkgewer slegs mediese sertifikate wat uitgereik en onderteken is deur praktisyne wat by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika geregistreer is en wat wettiglik gekwalifiseer is om pasiënte te diagnoseer en te behandel. Sodanige mediese sertifikaat moet, met jou ingeligte toestemming, die aard en omvang van die siekte/besering beskryf.

'n Mediese sertifikaat moet die volgende inligting bevat:

- Naam, adres en kwalifikasies van die praktisyn.
- Naam van die pasiënt.
- Datum en tyd van ondersoek.
- Hetsy die praktisyn die sertifikaat uitreik na aanleiding van persoonlike waarnemings gedurende 'n ondersoek, of na aanleiding van inligting wat van die pasiënt ontvang is en wat gebaseer is op aanvaarbare mediese gronde.
- Beskrywing van die siekte/ongesteldheid, mits die pasiënt toestemming gee vir die bekendmaking van sodanige inligting. Hetsy die pasiënt heeltemal ongeskik vir diens is en of die pasiënt in staat sal wees om minder veeleisende pligte uit te voer in die werksituasie.
- Tydperk van aanbevole siekteverlof en datum van uitreiking van die mediese sertifikaat.

- Identiteit van praktisyn indien hy/sy voorafgedrukte mediese sertifikate gebruik. Woorde wat nie op die pasiënt betrekking het nie, moet geskrap word.

**Wees gerus dat die werkgewer, in ooreenstemming met jou grondwetlike reg tot privaatheid, sowel as met die Gedragskode in die Staatsdiensregulasies, alle inligting betreffende die mediese toestand van 'n werknemer met die nodige respek en vertroulikheid moet behandel. Enige inbreuk gemaak op hierdie rege word in 'n ernstige lig beskou en die nodige dissiplinêre optrede sal ingestel word.**

### **LET WEL!**

Die werkgewer kan jou aansoek oorweeg en die ondersoek van jou aansoek laat begin, **eers wanneer** jy 'n korrek ingevulde aansoekvorm en al die vereiste dokumente ingedien het. Dit sluit in om terug te gaan na jou dokter sodat hy/sy die nodige verslag kan invul wat deel van die aansoekvorms is. 'n Onvolledig ingevulde aansoekvorm kan jou toegang tot ongeskiktheidsverlof of aftrede weens swak gesondheid in gevaar stel.

As jy –

- Tyd vry nodig het om 'n dokter, terapeut, ens. te spreek om redes rakende jou gesondheid/ welwees; of
- afwesig is vir 'n deel van 'n dag weens siekte of 'n besering; of
- ongeskik is en moet gaan vir onderhoudswerk aan die toestel wat gebruik word as gevolg van jou ongeskiktheid,

sal die werkgewer jou tyd vry toestaan vir hierdie afwesighede. Die werkgewer moet met die hand rekord hou van sodanige tydperke gebruik as tyd vry geneem, totdat 'n volle dag voltooi is. Dit sal dan van jou siekteverlof afgetrek word.

In so 'n geval sal daar van jou verwag word om 'n tyd-vry-neem-register in te vul vir rekorddoeleindes.

Bewys van geldigheid van sodanige gevalle sal vanselfsprekend nodig wees.

**VERDERE INLIGTING KAN VAN JOU KANTOOR VIR MENSEHULPBRONNE (HR) VERKRY WORD. BELEIDSDOKUMENTE KAN OOK VERKRY WORD VAN DIE DPSA SE WEBWERF [WWW.DPSA.GOV.ZA](http://WWW.DPSA.GOV.ZA)**